

# Dit is tyd vir die Vleklose Gemeente

Toe Vader vir Roy tot die bediening geroep het, het hy aan hom dinge wat sou kom bekendgemaak en in 'n visioen gesê dat Hy DRIE Hoof Vlekke op die liggaam van ons Messias sou openbaar.

Hy het toe gesê:


**“Dit is patrone.”**



---

## Opskrif:

1. Drie Hoof vlekke op die Liggaam van Yeshua word deur die Heilige Gees openbaar!
2. My Mense Moet Aandag Skenk! (Aangaande die vlekke)
3. Elohim Openbaar 'n Vierde Vlek.



## Drie Hoof vlekke op die Liggaam van Yeshua word deur die Heilige Gees openbaar!

Toe Elohim vir profeet Roy vir die Bediening geroep het, het Hy hom begin voorberei vir sy roeping deur aan hom die volgende visioen te gee: *Ek was op 'n verhoog en voor my was 'n persoon sonder hemp – ek het gewet hy verteenwoordig die Liggaam van Yeshua (Sy gemeente). Hy was vooroor gebuk op 'n stoel, sy gesig weg van my af. Ek was besig om gevaarlike vlekke op die man se rug aan die gehoor uit te wys en te verduidelik wat hulle was. Daar was drie hoof vlekke met sy ruggraat langs. Hulle was omtrent so groot soos tennisballe. Die res van die vlekke was kleiner en was buite die middellyn van die rug. Die kleiner vlekke was omtrent so groot soos gholfballe en al die vlekke was redelik opgeswel asof hulle inhoud bevat het. Hulle het diepte gehad. Al hierdie vlekke het 'n ontwerp ook gehad soos doilies (bekerlappies) of sneeuvlokkies.*



Roy het agterna diep nagedink oor die vreemde vlekke in die visioen wat 'n bietjie belaglik vir hom gelyk het. Toe Vra hy: "Yeshua, wat is hulle?" "**Hulle is PATRONE,**" het Yeshua geantwoord. Hierdie woorde van Yeshua het nie op daardie stadium juis vir Roy veel gehelp nie, maar hy het gewet dat Yeshua dit met 'n doel gesê het. Hy uiter NOOIT leë woorde nie! Yeshua het toe begin om vir hom begrip te gee van die waarheid wat Hy oorspronklik aan hom getoon het: Die vlekke het patrone gehad, met ander woorde, wyses van optrede. Oor jare heen daarna het Yeshua aan hom geopenbaar wat die individuele vlekke behels, deur die "leiding van die Gees", hier 'n bietjie, daar 'n bietjie, tot hy kon verstaan wat hulle was.

**Die drie groot vlekke is lewensgevaarlik** omdat hulle ligging op die ruggraat is, die basis van die liggaam. "**Hierdie is fundamentele vlekke en het te make met fundamentele oortuigings en gewoontes van mense.**" Hulle verteenwoordig verkeerde patrone, of die doen van ongeregtigheid wat alles resultate is van valse leerstellings en tradisies van die mens.

Die vlek aan die basis van die ruggraat het te make met "**Die Meganika (Patroon) van hoe die Heilige Gees 'n mens leer.**" Hierdie vlek is die onderste een omdat dit die rede is vir die ander twee vlekke se bestaan! Dit sal duideliker vir jou word soos jy verder lees oor die vlekke en *Vader se voorstelling van die Hoer*, ens.

Die vlek, regoor die hart, het te make met "**Die Meganika van Redding.**" Dit is die hart van die saak – **redding tot die Ewige Lewe**. Soos jy deur die verskillende afdelings gaan, sal jy keer op keer sien dat deur "dinge van die Gees," Vader vir Roy gereeld nadergetrek het, nie net oor die waarheid van die oorspronklike visioen nie, maar ook oor die erns van daardie spesifieke vlek. Daar was heelwat meer "Dinge van die Gees" aan Roy gegee as waarom hier geskrywe is, maar hulle wys almal op dieselfde waarheid.

Die derde vlek is **Die Meganika van Tiendes – Vader se Geregtigheid deur die liggaam van Yeshua**. Die vleklose liggaam van Yeshua sal Elohim se tesourie in geregtigheid vir Hom hanteer, nie die kerk!

Vader het eerstens aan Roy getoon wat bogenoemde 3 vlekke is. Toe het Hy direk met hom gepraat oor die hoergemeentes (kerke) en hom deur die Skrif gevat. Omdat Roy reeds die 3 vlekke verstaan het, kon hy dus die waarheid ontvang en begryp oor wie die hoer werklik is en waarom Vader op daardie manier van die gemeentes (kerke) as sulks gepraat het. (Sien die boekie: Yeshua se voorstelling van die Hoer.)


Sommige predikers is bewus daarvan dat die kerk beplek is, terwyl hulle weet dat dit onbevlek moet raak. Hulle sal openlik hieroor praat, maar sodra iemand sou beweer hul kerk is 'n 'hoer', voel hulle beledig. Die feit van die saak is, sodra ons ontslae raak van die vlekke, raak ons ook ontslae van die dade van hoerery (afgodery). Sodra ons ontslae raak van die dade van afgodery, raak ons ontslae van die vlekke! Vader skilder net dieselfde probleme uit verskillende hoeke, sodat ons kan verstaan.

### **My Mense moet Aandag skenk!**

Roy het in die lente van 2006 'n openbaring van Vader ontvang dat 'n bose gees alles wat hulle geleer is sou aanval. Die aanval het oor 'n lang tydperk gestrek. Sommige tye was die aanval subtiel en ander kere was dit skerp. Somtyds het dit deur mense gekom. Verbasend genoeg was die druk in die geestes realm konstant. Dit was nogal 'n les gewees en meer insig daaroor kan verkry word deur oor Vader se opleidingskamp te lees. Hulle het voorheen waarskuwings van aanvalle ontvang, maar nie een wat betrekking sou hê op wat hulle geleer was nie.

Weens die intensiteit en lengte van die geestelike aanvalle, het hy selfs oorweeg om sekere sinne in een van die videos te verander. Terwyl hy begin beplan het daarvoor, het Elohim hom 'n baie helder gesig in die nag gegee. Dit was om die geestelike aanval wat aan die gang was te verydel en om Elohim se waarhede ferm hier te stel wat in hierdie boeke en videos voorgestel word.

**Hier is die gesig en beskrywing daarvan wat Roy op 19 Oktober 2006 gehad het:** *Ek het in 'n lang gang of deurweg gestaan wat deur gelowiges gebruik sou word. Dit was 'n harde houtvloer van smal planke om die 'Smal Weg' voor te stel. Ek was op die loopvlak en in my regterhand was 'n groot houtpen, dikker as my arm. Ek het 'n stewige greep op die houtpen gehad en skielik het ek dit die vloer in gestamp.*



*Met my regterhand het ek die pen die harde houtvloer ingedryf, sodat meer daarvan in die vloer was as wat uitgesteek het. Terwyl ek opstaan het 'n Stem het vir my gesê: "Jy het dit reg gedoen." Toe ek verder stap, was daar skielik weer 'n houtpen in my hand. Weer het ek dit in die vloer gestamp, 'n ent van die eerste pen af. En weer het die stem vir my gesê: "Jy het dit reg gedoen." 'n Entjie verder het alles weer gebeur. Nou was daar drie houtpenne permanent in die vloer gestamp. Drie keer is vir my gesê ek het dit reg gedoen. Ek het omgedraai om die toneel te aanskou, verstom oor wat gebeur het en dat die houtpenne by die vloer gepas het deurdad hulle dieselfde harde hout en goue kleur gehad het. Dit was toe dat ek vir 'n breuk van 'n sekonde mense heen en weer op hierdie smal deurweg sien loop het, asof hulle besig was met alledaagse besigheid.*

*Toe die gesig verby was het ek geweet die indryf van die houtpenne verteenwoordig die regstelling van die patrone van die drie vlekke. Ek het ook geweet die penne verteenwoordig bediening omdat hout bediening voorstel.*

Om ontslae te raak van die drie vlekke, beteken verandering in die wyse waarop bediening in daardie areas plaasvind. Ek het verder geweet die goue kleur het te make met die goue manier van die doen van dinge om gesuiwer te word. Ek het egter nie verstaan waarom die ingedryfde houtpenne (die reggestelde patrone van die doen van dinge) uit die vloer gesteeke het nie. Waarom was hulle nie diep genoeg ingedryf om gelyk met die vloeroppervlak te wees nie? Ek het drie dae lank by Yeshua navraag gedoen voordat Hy geantwoord het: **“My volk moet aandag skenk; hulle moet konstant bewus wees van die drie vlekke en wat hulle verteenwoordig, anders sal hulle daarvoor struikel.”**

Toe het die hele toneel vir my sin gemaak. Ek het tevore gemerk hoe gelowiges (wat wel deeglik van die drie vlekke geleer het) die vloei van Vader se Gees gemis het – omdat hulle nie konstant van die vlekke bewus gebly het nie! Ek het dit sien gebeur met elkeen van die drie vlekke. Dit is 'n baie ernstige saak, want dit kan iemand sy redding kos, beide in die fisiese en in die ewigheid. Moses het nie aandag gegee toe hy Elohim se doelwit gemis het en gesaboteer het wat Vader met die volk Israel wou doen nie. (Die ongeduldige slaan van die rots vir water.)

As voorbeeld van ewigheidsverlies het Vader vir Roy by meer as een geleentheid gewys, deur 'n 'saak van die Gees', dat daar 'n persoon was in 'n spesifieke kerk wat nie gered was nie. Roy het aan die betrokke pastoor die inligting voorsien dat daar iemand in sy gemeente was wat ongered was. Die pastoor se reaksie hierop het getoon dat hy nie die korrekte aksie sou neem om die probleem wat Vader openbaar het op te los nie. Al wat hy hoef te doen het was om belydenisse van geloof uit mense te trek en selfs uit kinders so jonk as 4-5 jaar oud om hierdie probleem op te los. (Jy kan meer leer oor hoe om dit te doen in die video of boekie *Die Meganika van Redding*.) Omdat die pastoor nie heeltyd bewus was van die vlek oor *Ewige Verlossing* nie, het hy in sy daaglikse lewe daarvoor gestruikel, net soos Vader gewaarsku het Roy hulle kan doen. Hy het die vloei van Vader se plan misgeloop en Vader se doelwit was geaborteer! Vader se doelwit was om die betrokke persoon gered te kry.


Elohim het aan Roy 'n 'saak van die Gees' gegee wat openbaar het wat die probleem in hierdie pastoor se gemeente was. (Hierdie pastoor was in 'n posisie om die saak reg te stel, nie Roy nie.) Die korrektiewe inligting was deur Roy aan die pastoor deurgegee, en hy behoort dus konstant bewus te gewees het van die reddingsvlek om belydenisse uit mense onder sy leiding te trek.

**Om hierdie toneel op te som:** Roy het saam met Yeshua op Sy weg geloop, of gevloei, terwyl hy die inligting deur Elohim verskaf uit die *Rivier van Lewe*, aan die pastoor afgelewer het. Die pastoor sou ook, vloeiend hand in hand met Vader, op Sy pad geloop het, as hy konstant bewus was van die Verlossingsvlek en die belydenisse dus korrek verkry het. In hierdie toneel kan maklik waargeneem word dat die pastoor nie met Elohim 'saamgevloei' het deur aandag te gee aan die 'sake van die Gees' nie en daarom nie op Vader se weg geloop het nie. Die pastoor het in werklikheid oor twee van die drie vlekke gestruikel, die een van Verlossing en die ander van hoe die Heilige Gees leer en lei: hier 'n bietjie en daar 'n bietjie.

So maklik is dit om Vader se weg byster te raak, wat wys hoe maklik mens oor die drie vlekke en wat hulle verteenwoordig kan struikel as ons nie gedurig van hulle bewus is nie. Yeshua het vir Roy gesê: **“My volk moet aandag skenk; hulle moet konstant bewus wees van die drie vlekke en wat hulle verteenwoordig, anders sal hulle daarvoor struikel.”**

## Elohim openbaar 'n Vierde Vlek (Yeshua wil ons elke dag adviseer.)

In die middel van Yeshua se lering oor hoe om Goue Vergaderings te hou het Roy 'n toneel gehad waarin hy na swart vierkante wat in die lug sweef gekyk het. Skielik het hulle bymekaar gekom en 'n swart vlek gevorm.



Roy het geweet Yeshua openbaar dat die verkeerde manier van byeenkomste hou 'n ander vlek was wat van die Liggaam van Yeshua verwyder moes word. Weer eens is dit die verkeerde patroon van dinge doen wat betrokke is.

Die hele liggaam van Yeshua moet die protokolle leer soos wat Yeshua dit geleer het oor hoe om Goue Vergaderings met Hom as die Hoof van die byeenkomste te hou. Hierdie inligting kan gevind word deur boeke en videos wat versprei word deur *Take His Heart*.

[www.takehisheart.com](http://www.takehisheart.com)